



Media Boodskap

Vir onmiddellike vrystelling

Kontakpersoon: Hanlie Smuts – 078 853 1250

Woorde: 589 woorde

Plantvoeding: Die beste van DRIE wêreldes....

....beste stikstofbron met chemiese- en organiese kunsmis in kombinasie

VS Agri is uniek in die sin dat die maatskappy oor die vermoë beskik om enige tipe voedingsbron te voorsien om sodoende elke denkbare voedingsbehoefte aan te spreek (sien advertensieblad teenoorstaande). Elke boer het sy eie voorkeure of afkeure van die een of ander soort bemesting of 'n onwrikbare geloof in die een of die ander.

Die grondslag bly natuurlik deeglike grondontledings ten einde oor die voedingstatus van die grond te beskik. Daarna volg die gewas- en grond spesifieke aanbevelings, asook die keuse en samestelling van spesifieke voedingsbronne om in die plant se behoeftes te voorsien. Die fokus in hierdie uitgawe val meer spesifiek op Avison (organiese en halforganiese kunsmis), asook ammoniak as stikstofbron.

Avison.....die beste van TWEE wêreldes

Organiese bemesting, hetsy deels of ten volle, is deesdae een van die gonswoorde in landbou. Almal streef na volhoubaarheid, veral in terme van winsgewende produksie, maar natuurlik ook na die onderhoud en versorging van die gronde.

Die voordele van organiese bemesting is legio, maar die belangrikste kan as volg saamgevat word:

- bevorder mikrobe lewe in die grond – algemene gesondheid en vrugbaarheid van gronde word bevorder
- organiese materiaal (koolstof) toevoeging
- voedingstowwe word deurlopend oor 'n langer tydperk deur die seisoen beskikbaar gestel
- mikro-element aanvulling – hetsy soos in die hoendermis saamkom of andersins addisioneel toegevoeg word

Die basis van die Avison-reeks produkte is gefermenteerde hoendermis en beslaan of 100% van die produk of nagenoeg 40% waar chemiese produkte bygevoeg word. Die GROOT lekker van hierdie reeks produkte is dat letterlik enige voedingselement deel kan uitmaak van 'n spesifieke mengsel.

Die beste van TWEE wêreldes.....chemiese voedingselemente wat dadelik beskikbaar is vir plantopname, asook voedingselemente wat deurlopend deur die groeiseisoen vrygestel word vir opname!

Ammoniak.....die beste van een wêreld

Ammoniak (NH_3 /Gas) het as stikstofbron nie sy gelyke nie. Die toediening van NH_3 -gas direk in die grond is 'n praktyk wat al jare in die landbou toegepas word. NH_3 (vloeistof onder druk in spesiale drukhouers) word by die regte grondvogtoestand agter 'n tandimplement onder die grond as gas (gaan oor in gasvorm met vrylating en sit dan 825 keer uit) toegedien. Die NH_3 reageer met water om NH_4^+ (positiewe lading) te vorm wat dan aan die negatief gelaaide grondkolloïde geabsorbeer word. Hierdie is ook een van die redes waarom verliese weens loging, minimaal plaasvind. Stikstof in die NH_4^+ -vorm, asook die NO_3^- -vorm (lg. is wel blootgestel aan loging weens die negatiewe lading) is beskikbaar vir plantopname.

Die ideaal bly om NH_3 voor plant toe te dien, maar kan ook met groot sukses as topbemesting aangewend word. Prakties werk ammoniak uitstekend in kombinasie met organiese- en/of chemiese kunsmis, waar die kunsmis vooraf uitgestrooi (meestal besproeiing) word, waarna die toediening van gas volg. Die stikstof en ander voeding wat die plant benodig vir optimale groei, is dan reeds in die grond en lê gereed om opgeneem te word.

Aanvullende voordele van ammoniak kan as volg opgesom word:

- mees ekonomiese stikstofbron (82% konsentrasie)
- minimale loging (langer beskikbaar vir plantopname)
- bydrae tot aalwurmbeheer
- bydrae tot springhaasrot beheer
- slotsom: verbeterde opbrengs en kwaliteit

Pro Gas Solutions help boere reeds vir die afgelope 10 jaar reeds om die volle voordele van ammoniak te benut. Die maatskappy roem hulle op die korrekte toepassing van die tegnologie en die boer word deurentyd gedurende die toedieningsproses ondersteun om die korrekte toediening en kalibrasie van toerusting, asook veiligheid te verseker.

Wenkombinasie: Die beste van DRIE wêreldes

....ammoniak as stikstofbron in kombinasie met chemiese- en organiese kunsmis!
